# JAKARANDA VOORTREKKERKAMP

2024

Altyd Altyd

15 Maart 2024

Beste Kapokkie en Kapokkie-ouer

Baie welkom op die 39ste Jakaranda Voortrekkerkamp. Alle voorskoolse kinders wat nie kursus doen nie, en ook graad R, staan as Kapokkies bekend. Kapokkies volg hulle eie program met eie benodighede, sien punt 2.16. Alle kampinligting asook 'n roetekaart na die hartebeesfontein Jeugkampterrein, is ook op die webwerf by http://jakaranda.voortrekkers.org.za/ beskikbaar.

## 1. Belangrike kampinligting waarvan jy moet weet

1.1 Die kamp duur amptelik vanaf Woensdag 27 Maart 2024 om 17h00 tot Sondag 31 Maart 2024 om 11h30. Alle Kapokkies slaap by hulle ouer/s.

1.2 Met jou aankoms sal offisiere die bestuurder van die voertuig waarin jy is stop om jou sommer gou elektronies te registreer. Luister asseblief mooi na **waarheen** en **hoe** julle moet ry om sodoende 'n verkeersopeenhoping te vermy.

1.3 Bring ook asseblief al jou medikasie dadelik na die Noodhulpkamer waar dit veilig bewaar sal word. Noodhulppersoneel sal seker maak dat medikasie getrou en korrek geneem word. Bring ook chroniese en ander spesiale medikasie saam. Neem asseblief kennis van die Nood- en Medikasie inligtingsvorm wat voltooi moet word om saam met die medikasie by die noodhulp ingehandig te word. Wetgewing vereis dit vir die toediening van medikasie.

1.4 Alles wat jy saambring moet duidelik gemerk word - veral duursame items soos slaapsakke, warmbaadjies en voortrekkerdrag. Moenie speelgoed wat kan/gaan wegraak saambring nie. Ons kan nie verantwoordelikheid daarvoor neem nie, en ouer/s gaan nie tyd hê om daarvoor te soek nie.

1.5 Klere en slaapgoed moet netjies en kompak gepak word, sodat items maklik gevind en ook droog gehou kan word. Hou klerasie en slaapgoed apart. Moet asseblief NIE met 'n rugsak en/of 'n klomp los goed op die kamp aankom nie. Onthou om 'n plastiese sak in te pak om nat klere in huis toe te neem

1.6 Jy eet almal Woensagaand saam uit die kampkombuis. Onthou dus om jou bordesak byderhand te hou. Jy ontvang gedurende die kamp drie gebalanseerde maaltye per dag asook koeldrank en snoeperye met koeldranktyd. Daar sal wel 'n snoepie beskikbaar wees tydens die kamp. Geld is hiervoor vooraf inbetaal.

1.7 Radio's, bandspelers, elektroniese speletjies, balle, jagmesse, knipmesse en ander speelgoed word nie toegelaat nie. Horlosies en ander waardevolle artikels soos oorbelle, hangertjies, selfone en ipods moet ook liefs tuis gelaat word. Die kamp aanvaar geen verantwoordelikheid as artikels verlore raak of beskadig word nie.

1.8 Geen vuurhoutjies, gaslampe en kerse word toegelaat nie (net flitse, sonpaneelligies).

1.9 Kapokkies moet bedags by die Kapokkie groep wees of by hul ouer/s. Geen Kapokkie mag los rondloop of op sy eie by die swembad wees nie.

1.10 Vroegoggend met die seremonie kan die Kapokkie al by die Kapokkietent aanmeld en met aandete kan die Kapokkie weer teruggaan na hul ouer/s toe, tensy dit kursusaand is.

1.11 Foto's geneem tydens die kamp word gepubliseer op Facebook, Jakaranda Voortrekkerkamp, en word gebruik vir bemarking van die kamp.

## 2. Wat jy moet saambring

2.1 Indien die Kapokkie al Voortrekkerdrag het mag hy/sy dit saambring.

2.2 Vier stelle kampklere vir gedurende die dag.

2.3 Skouerlose- en dun bandjie rokke en bloese moet liefs vermy word weens die gevaar van sonbrand

2.4 'n Hoed en gemaklike **toe** skoene is noodsaaklik. Kapokkies gaan ook stap in die veld.

2.5 'n Waterbottel.

2.6 Slaapklere of 'n sweetpak.

2.7 'n Stel warm klere vir die aande. Dit word koud.

2.8 'n Toiletsakkie met alles wat nodig is volgens die Kapokkie se behoefte. Onthou ook "Lip - ice" vir die lippe, "Tabbard" teen die muskiete en sonbrandroom.

2.9 'n Swembroek met 'n handdoek vir swem of stort. Onthou Polly-otter/vlerkies en ander swemhulpmiddels.

2.10 'n Goeie warm slaapsak.

2.11 'n Flits en 'n ekstra stel batterye.

2.12 'n Reënjas.

2.13 'n Klein tassie /mandjie/rugsakkie waarin Kapokkie se skoon klere gesit kan word.

2.14 'n Gemerkte handdoek, seep, sjampoe (sodat ons die kapokkie kan bad/stort in die aand).

2.15 Maak seker al jou besittings / klere is **duidelik gemerk**.

2.16 Jou benodigdhede vir **KAPOKKIES** is:

- 'n Appel- / papierdoos waarin jy al jou skeppinge gaan bêre – gemerk.
- 'n Pakkie **KLEIN** lekkertjies bv. Smarties, Jelly tots.
- Ou klere wat lekker vuil kan word.
- 'n Voorskoot of sak om klere te beskerm wanneer geverf word.
- 6 Eier leë karton houer.
- 'n Pakkie Glitter.
- 'n Blaadjie met geliefkoosde plakkers.
- 'n Klein rondepuntskêrtjie.
- Gom / pritt.

- ’n Pakkie inkleurpotlode.
- Twee ou tydskrifte.
- ‘n Lekker groot (checkers/pnp plastiek sak) vir sakressies
- ‘n Paar sokkies (wat gewas kan word)
- 4 Pypskoonmakers (groen of geel)
- ’n Vol rol toiletpapier.
- ’n Pakkie koekies met vulsel.

Indien jy enige navrae het is jy welkom om Nicolette Koukeas by 082 921 5955 te kontak.

Voortrekkergroete

Jan-Albert de Kock
KAMPLEIER

Nicolette Koukeas
KAMPSEKRETARESSE

Jou kursusbenodigdhede vir **KAPOKKIES** is:

1. 'n Appel- / papierdoos waarin jy al jou skeppinge gaan bêre – gemerk.
2. 1 pakkie **KLEIN** lekkertjies bv. Smarties, Jelly tots.
3. Ou klere wat lekker vuil kan word.
4. 'n Voorskoot of sak om klere te beskrm wanneer geverf word.
5. 6 Eier leë karton houer.
6. Pakkie Glitter.
7. 'n Blaadjie met geliefkoosde plakkers.
8. 'n Klein rondepuntskêrtjie.
9. Gom / pritt.
10. 'n Pakkie inkleurpotlode.
11. Twee ou tydskrifte.
12. Leë toiletpapier rolletjies – so baie soos wat jy kan.
13. Sak vir gemerkte droë klere.
14. Gemerkte handdoek, seep, sjampoe.
15. 'n Pakkie koekies.

Let wel: Neem asb items uit die huis en dit waaraan die kapokkie gewoond is om te gebruik.